



DIE

September

OSTEM

VAN DIE MARTELARE

26



Tot die Laaste en Minste

KOM WAT WIL...

OP DIE TIBETTAANSE PLATO

|| IN KARTELGEBIED



"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3



dit is genade by God"

Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly. Want watter roem is daar as julle verdra wanneer julle sonde doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly – dit is genade by God.

1 Petrus 2:19-20 - AFR53

My vrou sou vir jou sê (met reg) dat ek 'n kort aandagspan het. Daar lê altyd boeke op my bedkassie waarmee ek begin het, maar nie klaar gelees het nie ... nog nie. Die skryf van "When Faith Is Forbidden" was 'n proses wat jare geduur het. Ek sou 'n hoofstuk of twee skryf, en dan sou die manuskrip maande lank in 'n laai of op 'n hardeskyf lê totdat ek weer 'n vlaag inspirasie gekry en nog 'n paar paragrawe neergepen het. Dan sou ek die lêer stoor ... en my met 'n ander projek besig hou. Toe ek uiteindelik die gepubliseerde boek in my hande hou, het dit soos 'n reuse oorwinning gevoel!

Vanweë hierdie (frustrerende) persoonlike eienskap het ek die grootste bewondering vir mans en vroue wat getrou die hand aan die ploeg hou en dag na dag, jaar na jaar in God se oeslande werk, sonder om meetbare vrugte op hul godvrugtige arbeid te sien.

Een so 'n voorbeeld is Adoniram Judson, wat ses jaar lank in Birma gearbei het – en onder meer die hartverskeurende begrafnis van sy eerste vrou en van hul kinders moes deurmaak – voordat hy eers kon aanskou hoe Birmane kies om Christus te volg. 'n Ander voorbeeld is dr. William Leslie, wat 17 jaar lank langs die Kwilu-rivier in die huidige Demokratiese Republiek van die Kongo deurgebring het voordat hy en sy vrou gedwing is om die gebied te verlaat. Hy is nege jaar later oorlede in die oortuiging dat sy sendingwerk 'n totale mislukking was – omdat hy geen vrug daarvan gesien het nie. Maar 'n eeu later het Evangeliewerke wat probeer het om "onbereikte" volke in die gebied waar die Leslies gewoon het te bereik, 'n netwerk van groeiende kerke ontdek wat besig was om uit te brei. In een dorpie was daar 'n kerkgebou met sitplekke vir 1,000 mense! Hierdie kerke het ontstaan uit dr. en mev. Leslie se jare van getroue onderrig – werk wat hulle gedink het heeltemal misluk het.

Judson en Leslie is deel van die tientalle verhale wat ons ken van "getroue vrugteloesheid"; ek glo ons sal in die hemel van nog duisende ander hoor. In hierdie nuusbrieff sal jy Evangeliewerke ontmoet wat, net soos Judson en Leslie, God se koninkryk getrou uitbrei in geestelik dor dele van die wêreld. Hierdie inspirerende broers en susters volhard daarin om gehoorsaam die Evangelie te verkondig – in die berge van Nepal (waar hulle in vyf jaar gesien het dat slegs een persoon Christus aanneem), in streke van sentraal Mexiko wat deur kartelle geteister word, en in die Islamitiese lande van Sentraal-Asië wat op die ruïnes van die Sowjetunie gebou is; plekke waar die dissipelskap van jou eie kinders daartoe kan lei dat hulle uit jou huis verwyder word. Hulle sien dalk vandag min geestelike vrug, maar hulle volhard in geloof en gebed vir 'n groot geestelike oes in die toekoms.

Ek was nog altyd lief vir kragtige aanhalings (miskien vanweë my kort aandagspan). Hier is een wat my uitdaag, en wat hopelik ook vir jou sal uitdaag. Sommige mense het gesê dat John Chau sy lewe "verspil" het nadat hy as martelaar op North Sentinel-eiland gesterf het. Daar was immers geen sigbare vrugte nie. Maar John het die situasie anders gesien: "Ek glo dat gehoorsaamheid die maatstaf van sukses in die koninkryk van God is," het hy slegs maande voor sy dood gesê.

Jy en ek kan nie die aardse impak van ons lewens of pogings kies nie. Ons kan wel kies om vandag getrou en gehoorsaam te wees. En môre weer. En die dag daarna – vir so lank as wat God ons lewendig hou om Hom te dien.

Ons taak is gehoorsaamheid. God se taak is die resultate.



Todd Nettleton

Gasheer, The Voice of the Martyrs Radio

Op die voorblad: Pastors lei 'n doopdiens in Indië. Net soos baie van ons broers en susters in Christus in vyandige gebiede en lande waar beperkings geld, loop hierdie Christene die risiko van verwerping, gevangenisstraf en selfs die dood as gevolg van die uitlewing van hul Christelike geloof.



'n Goddelike Verwelkoming op die Dak van die Wêreld



'n Nepalese egpaar verduur verwerping en eensaamheid om aan Tibettane die geleentheid te bied om die lewende God te ontmoet.

Met sy asemrowend hoë berge, skouspelagtige landskappe en 'n oppervlakte vier keer so groot soos Texas, lok die Tibettaanse Hoogland toegewyde bergklimmers en ryk avontuursoekers, tesame met hul massiewe gevolge van kundige gidse, ondersteuningspersoneel en draers. Om in die behoeftes van hierdie besoekers te voorsien, vorm 'n groot deel van die streek se ekonomie.

Maar dit is nie hierdie groep mense wat na die gastehuis van Jampa Lama en sy vrou, Dronma, in hul dorpie in noordwestelike Nepal kom nie. Jampa en Dronma bied hulle gasvryheid aan minder glansryke gaste aan, nie om 'n bestaan te maak nie, maar om siele te red. In 2021 het hulle 'n huis 'n entjie op in die straat van die klein streekshospitaal af gehuur en ruimte daar geskep om diegene te verwelkom wat van hoër geleë gebiede af gekom het vir mediese sorg.

Jampa het tyd by die hospitaal deurgebring om vir mense te bid, en hy het iets kommerwekkend opgemerk. Mense wat van afgeleë gebiede af gekom het vir mediese sorg, was verward en onseker oor waar om medisyne te kry of selfs waar die toilet was; boonop het dit nie gelyk of die personeel belanggestel het om hulle te help nie. Die

afstand en die ruwe terrein het dit ook onprakties gemaak vir siekes – wat soms op draagbare deur 'n halfdosyn familieleden gedra is – om vir mediese dienste te kom en op dieselfde dag weer huis toe te keer.

"Ek was daar en het alles dopgehou," het Jampa verduidelik, "en dit was asof God met my gepraat het ... en gesê het: 'Jy moet vir daardie mense werk en 'n plek vir hulle skep om te bly.'"

En dit is wat Jampa en Dronma biddend begin doen het. Namate Jampa in die hospitaal bly bedien het en gesien het hoe pasiënte kom en gaan, het die egpaar geleidelik begin om gesinne uit te nooi om tydens hul mediese behandeling by hulle tuis te gaan.

"Hulle was baie bly," het Jampa oor hierdie spesiale gaste gesê. "God het dit geseë, en deur gasvryheid was dit baie maklik om die Evangelie te deel."

So 'n oopheid was 'n welkome verandering. Geleenthede om die Evangelie onder Tibettaanse Boeddhiste te deel, was nog nooit volop of maklik nie.

'n Onverwagte Pad

Jampa is nie gebore om 'n herbergier te wees nie. Gegewe sy Tibettaans-Boeddhistiese agtergrond, was dit baie meer

waarskynlik dat hy 'n lewe as Boeddhistiese monnik sou lei. Maar hy en sy broer het voor 'n keuse te staan gekom: Om aan 'n Boeddhistiese klooster in Katmandoe te studeer of om 'n Christelike koshuisskool by te woon. Sy broer het die klooster gekies, terwyl Jampa die skool gekies het.

Jampa, wat destyds 8 jaar oud was, het slegs sy stamtaal gepraat; hy kon nie sy naam skryf nie en het nie eens letters herken nie. Die Christenman wat die skool bestuur het, het die kinders van die berge vir 'n jaar by sy huis gehuisves en hulle gehelp om die grondbeginsels van Nepalees aan te leer, asook om die alfabet en ander basiese dinge te herken.

"Dit was baie ingewikkeld," het Jampa gesê. "Stadig maar seker het ek gegroei."

Deel van daardie groei was trouens 'n toenemende belangstelling in die aanbidding en gebed wat deur sy onderwysers en versorgers voortgeleef is. Baie van die Boeddhistiese gesinne het uiteindelik hul kinders uit die skool gehaal, uit vrees dat hulle tot die Christendom bekeer sou word. Maar Jampa wou sy skoolopleiding voltooi; hy het dus sy ouers se wil teëgestaan en aangebly.

Teen graad vyf het Jampa met baie vrae in sy gedagtes geworstel: Waarvoor was die Boeddhistiese gesinne so bang? Waarom het hy die geleentheid gekry om te studeer en homself te ontwikkel, terwyl ander nie kon nie? Waarom het God toegelaat dat vier van sy vyf broers en susters gestremdhede het? Jampa het hierdie vrae in gebed na God gebring. Met verloop van tyd het hy meer oor God geleer en sy vertroue in Christus geplaas.

Namate Jampa se geloof gegroei het, het die druk van sy familie ook toegeneem. En toe het dit gebeur wat Jampa as sy grootste keerpunt beskryf het. Toe Jampa in graad 11 was, is sy pa oorlede.

Sommige het aangevoer dat Jampa huis toe moes terugkeer en werk moes soek om vir sy gesin te sorg. Vir Jampa was die werklike rede om terug te keer egter dringender. Hy het geweet sy pa is oorlede sonder om Christus te ken.

"My hart was vol skuldgevoelens, want ek het lank op skool gebly en ek het die waarheid geken, maar ek het dit nie met my pa gedeel voordat hy oorlede is nie," het Jampa onthou. "As ek nog baie jare hier op skool bly, sal baie mense sterf sonder om die Goeie Nuus te hoor."

Omdat hy nie wou hê dat selfs nie een siel uit sy volk moes sterf sonder die geleentheid om Christus te leer ken nie, het Jampa sy terugkeer na die berge beplan. Hy het die taal en kultuur van sy stam geken op 'n manier wat geen sendeling van buite kon nie.

"Dit is die belangrike rede waarom God my gekies het," het Jampa gesê, "en daarom het ek met 100 persent sekerheid teruggekom."

Roeping en Voorbereiding

Voordat hy die skool verlaat het waar hy tot geloof in Christus gekom het, het baie van Jampa se vriende hom aangeraai om sy toetrede tot die bediening uit te stel. Hulle het gesê dit sou baie moeilik wees. Hy sou jare lank Bybelopleiding en praktiese ervaring nodig hê voordat hy met voltydse bediening kon begin. Hy het selfs gevoel dat sommige mense lag vir sy naïwiteit oor die begin van 'n bediening onder sy eie mense. Hy was ontmoedig en het begin twyfel aan sy roeping.

Namate die tyd vir sy terugkeer huis toe nader gekom het, was hy steeds onseker oor wat om te doen. Toe, net

'n week voor sy vertrek, het 'n ou vriend hom gebel om te hoor hoe dit met hom gaan. Jampa het sy hart uitgestort. Onverwags het daar 'n paar dae later fondse opgedaag – 'n geskenk van hierdie vriend sodat hy sy bediening kon begin. Met 'n dankbare hart het Jampa vertrek.

Die eerste tydperk van sy werk is gewy aan gebed vir dorpe en heilige Boeddhistiese plekke, terwyl hy die Here gevra het om geleenthede te skep om die Evangelie te verkondig. As iemand wat self 'n Boeddhis was, en met 'n familie wat vasbeslote weerstand teen die Evangelieboodskap gebied het, het Jampa geweet dat baie Tibettane Boeddhisme as 'n noodsaaklike deel van hul kulturele identiteit beskou. Om mense in daardie konteks vir Christus te wen, sou 'n stadige en moeilike taak wees. Maar Jampa het volgehou en saamgewerk met ander wat sy visie gedeel het om die afgeleë volke van die Tibettaanse Hoogvlakte met die Evangelie te bereik.

Jampa het twee ander mense genooi om by hom aan te sluit, en hulle het 'n huis as basis gehuur, terwyl hulle van maand tot maand op die Here vertrou het om in die behoeftes vir huur en ander uitgawes te voorsien. Elke keer as die geld opgeraak het, het daar weer 'n skenking gekom om die werk te finansier.

'n Groot deel van hul werk het uit straatevangelisasie bestaan – buitelugprogramme met dans en drama, gevolg deur die verkondiging van die Evangelie en die uitdeel van traktate en Nuwe Testamente. Hulle het van dorp tot dorp gereis; soms het hulle 'n klein maar belangstellende



▲ Jampa en Dronma verwelkom hospitaalsiënte en hul gesinne in hul huis en bedien liefdevol aan hulle in die naam van Jesus Christus.

“In hierdie kultuur is gasvryheid baie belangrik ... Maar omdat ons Christene was, wou mense nie hê ons moes kom nie.”

gehoor gelok, en ander kere is hulle deur woedende Boeddhistiese leiers aangeval en verdryf.

Jampa het Dronma vroeg in sy bediening in 2018 ontmoet. Sy was 'n leier vir 'n ander Christelike bediening wat Evangelisasiespanne na die distrik gebring het. Hulle paaie het gekruis, en Dronma het onmiddellik besef dat Jampa, as iemand wat van die streek afkomstig was, die ideale persoon sou wees om langtermyn-opvolgwerk te doen by die mense wat deur haar spanne bereik is.

Beide Jampa en Dronma het die ontberings verstaan van 'n lewe in die bediening in 'n omgewing waar die Christendom verwerp en teengestaan word. Elke bedieningsreis het behels dat hulle ure of selfs dae lank moes reis, terwyl hulle onderweg plekke moes vind om te rus en te slaap. Aangesien daar geen herberge of hotelle in die afgeleë bergdorpie was nie, was reisigers aangewese op die hartlike gasvryheid van die inwoners. Maar wanneer mense uitgevind het dat daar Christelike evangeliste op pad was, het die gasvryheid dikwels vinnig opgedroog.

"Daar was 'n groot "yatra" – 'n georganiseerde pelgrimstog vir Hindoe-aanbidding – wat tien dae lank geduur het," het Jampa oor een van die reise vertel. Boeddhiste en Hindoes glo dat dit 'n karmiese beloning inhou om 'n pelgrim in hul huis te verwelkom; gevolglik sou 'n reisiger gewoonlik in so 'n tyd oral 'n goeie ontvangs

kry. "Dit was al teen 7 of 8 uur die aand, en ons het mense gevra vir 'n slaapplek, maar hulle het verskonings gemaak." Uiteindelik, nadat hy van die een buurman na die volgende verwys is, het Jampa gefrustreerd aangekondig dat hy in iemand se koeistal sou slaap. Eers toe het die eienaar verduidelik dat die nuus hulle bereik het oor Christelike reisigers, en dat hulle probeer het om hulle te vermy.

"In hierdie kultuur is gasvryheid baie belangrik," het Jampa verduidelik. "Hulle verwelkom mense, gee vir hulle tee en bedien hulle. Hulle sorg baie goed vir mense en behandel 'n gas asof hy van groot waarde is. ... Maar omdat ons Christene was, wou mense nie hê ons moes kom nie."

Sulke uitsluiting uit 'n kultuur wat andersins baie gasvry is, was pynlik vir Jampa sowel as Dronma, en het bygedra tot hul gevoel van eensaamheid en isolasie. Gemeenskap met ander Christene vind dikwels slegs plaas wanneer bedieningspanne op besoek kom.

Met inagneming van die druk van sy bedieningslewe, het Jampa eens gedink hy sou nooit trou nie. Dronma se familie, wat uit 'n Hindoe-bevolkingsgroep kom, was ook effens bang vir die gedagte dat sy sou trou in 'n stam soos die Tibettaanse groep waaruit Jampa kom – 'n groep wat bekend staan om sy felheid. Maar albei het die skoonheid en voordeel daarvan gesien om met 'n gelykgesinde



▲ As jong man en nuwe Christen het Jampa na sy tuisgebied in die Himalajas teruggekeer as 'n evangelis wat Christelike lektuur in dorpie regoor die gebied versprei het.

Christen te trou, en daarom is hulle in 2021 in die huwelik verbind.

Toe die Coronavirus-pandemie reis tot stilstand gebring het, het Jampa en Dronma gebid en die Here gevra wat hul volgende stap moes wees. Hulle het 'n huis in die dorp naby die streekshospitaal gevind. Jampa het 'n drang gevoel om by die hospitaal te gaan bid, en daardie gebed het sy oë geopen vir nuwe behoeftes en 'n nuwe roeping.

'n Hartlike Verwelkoming

Toe Jampa tuis kom en vir Dronma vertel dat God hom geroep het om aan die pasiënte en hul gesinne te bedien, het sy hierdie roeping met entoesiasme aangeneem.

"Ek het vrede gehad en was baie gelukkig met die wete dat ons nou die geleentheid het om hierdie mense te dien," het Dronma gesê. "Dit is 'n maklike manier om na mense uit te reik."

Hulle nooi gaste van verskeie stamme en agtergronde en behandel almal met genade en vriendelikheid. Dronma het opgemerk dat om haar huis oop te stel vir vreemdelinge in nood, veral vroue, tot diep gesprekke gelei het. Sy het gesê dat die ander persoon dikwels die geleentheid skep om die Evangelie te verkondig deur nuuskierigheid te toon oor wat Jampa en Dronma motiveer tot so 'n liefdevolle versorging.

Mamata was een so 'n vrou. Sy het 'n Christen geword, maar haar Hindoeman en -familie was sterk daarteen gekant. Sy was nou 20 jaar oud en swanger, en het saam met haar man na die gastehuis gekom om vir twee weke daar te bly voor haar verwagte datum. Jampa en Dronma het elke geleentheid aangegryp om aan Mamata te bedien en Christus se liefde aan haar man, Krishna, te toon.

Die verhouding het voortgeduur ná die baba se geboorte. Toe Mamata verdere behandeling nodig gehad het, wou geen familieleden hulle met 'n lening help nie; daarom het hulle vir Jampa en Dronma gevra, wat met graagte bygedra het. Danksy die vertroue wat met hierdie gesin opgebou is, het Krishna en sy ma albei Christus begin volg.

'n Ander vrou, wat tydens haar siekte deur haar volwasse kinders in die steek gelaat is, het vir twee weke by Jampa en Dronma gebly. Hulle sagte versorging het tranes in haar oë gebring. "Ons ken die waarheid oor hoe God ons liefhet, op dieselfde manier as wat ons vir jou liefhet," het hulle vir haar gesê. Dronma het vertel dat die vrou oorloop van dankbaarheid.

Meeste van die gaste kom nie tot geloof in Christus nie, en geen Tibettaanse Boeddhistiese gas het al ooit nie, maar Jampa weet dat daar saad gesaai word. Hy het 'n pa en seun onthou, albei Boeddhistiese monnike, wat daar aangekom het omdat die seun in die hospitaal behandel moes word. Aanvanklik het hulle nie belangstelling getoon nie, maar die hartlike gesprekke het 'n blywende indruk gemaak, en hulle het al hoe meer ontvanklik geword. Omdat hulle graag meer wou weet oor dit wat Jampa gedeel het, het hulle Bybels aanvaar. Jampa bid voortdurend vir die seun se genesing en vir die gesin se redding.

Een van die blywendste vrugte van hul gasvryheid het egter binne hul eie gesin ontstaan. Jampa se neef het vier jaar lank by hulle gewoon. Hy het geen belangstelling in die Christelike geloof getoon nie, en hulle het hom nie onder druk geplaas nie, maar Jampa het soms op 'n



▲ Gebedsvlae wapper bo 'n Boeddhistiese tempel in noordelike Nepal terwyl mense met hul daaglikse lewe voortgaan. Die streek waar Jampa en Dronma woon, is hoofsaaklik Tibettaans-Boeddhisties.

goedhartige manier grappies gemaak dat dit nou sy beurt was om vir die maaltyd te bid.

Jampa en Dronma het mettertyd agtergekom dat hy met iets worstel, maar hy wou nie daaroor met hulle praat nie. Toe het Dronma 'n droom gehad en dit met hom gedeel.

"Ek het gisteraand oor jou gedroom," het sy gesê. "God roep jou, maar jy vlug van Hom af weg. Jy wil op jou eie sterk wees, maar God roep jou en Hy het 'n spesiale plan vir jou."

Hulle neef het nie gereageer nie, maar die volgende Saterdag, terwyl hulle gereedgemaak het om 'n weeklikse erediens by te woon, het hy gevra om saam met hulle te gaan. Ná die kerkdiens het hy vertel hoe die Here in sy hart aan die werk was.

"Wanneer ek na jou en jou vrou en julle karakter en gedrag kyk, voel ek dat ek die Here moet aanneem," het hy vir Jampa gesê. "Van vandag af sal ek die Here aanneem en nooit God in my lewe verwerp nie."

Jampa beskou sy neef as "eersteling" van sy bediening onder Tibettaanse Boeddhistes, wat sterk weerstand teen die Evangelie bied. Hy bid dat nog baie sal volg.

Intussen werk en wag Jampa en Dronma getrou vir 'n sterk gemeenskap van Christene onder Tibettane in Nepal. Hoewel Jampa uiting gegee het aan die diep eensaamheid daarvan om die Here in hierdie afgeleë gebiede te dien, is hy en Dronma diep geraak deur die wete dat hulle werklik nie alleen is nie. Toe 'n Frontlinie-Werker gebede deel wat deur lede van die wêreldwye liggaam van Christus vir hulle geskryf is, het Jampa gehuil; hy was oorweldig deur die wete dat die liggaam van Christus op hierdie manier agter hulle staan.

"Bid dat God ons en ons bediening op 'n kragtige en sterk wyse in Sy koninkryk kan gebruik," het Jampa versoek. "Bid dat ek idees en wysheid sal hê om bediening onder my eie stamgenote te doen, en dat ek vrede en vrygewigheid sal uitstraal. Bid vir ons stamgenote. Daar heers steeds duisternis, maar mense kan tot Christus kom en God kan wonderwerke in hul lewens doen. Dit is waarom ons die Evangelie verkondig." ■



Bediening Onder die Vergetenes

Toe Aaron se gemeentede besluit het om 'n nuwe bediening te verken, het hulle gevoel soos die Israeliete wat die Beloofde Land in die boek Numeri verken het. Hulle het versigtig hul weg gevind langs gruispaaie en lang, stowwerige opritte na die "*rancherías*", nedersettings vir plaaswerkers, wat diep in die plantasies van sentraal-Meksiko geleë was.

Slegs 'n halfuur se ry van die middestad van San Juan de los Lagos, 'n stad met 70, 000 inwoners, is die landskap 'n wêreld op sigself.

Verby yl garingboom-lande en in lande vol hoë mielies in, het die gemeentede hierdie afgeleë gemeenskappe binnegegaan om die fisiese en geestelike behoeftes te ontdek van die gesinne wat op hierdie landgoedere vasgevang was.

Hulle het nie melk en heuning gevind nie, maar daar was wel talle reuse in die land.

Aaron se span het klein huisies gevind, dikwels sonder elektrisiteit of behoorlike sanitasie. Geen skole, kapelle, klinieke of winkels nie. Die mense, bekend as "*ranchos*", verrig bloot net werk. Wanneer die seisoenale plaaswerk afneem, neem sommige familieleden werk by plaaslike dwelmkartelle om hul inkomste aan te vul. Alkohol, dwelms en prostitusie is algemeen. Die kinders speel met tuisgemaakte speelgoed en balle in stoppellande, dikwels binne bereik van landbouchemikalieë wat, volgens die plaaslike inwoners, gelei het tot 'n geslag met geboortedefekte en ongeneeslike siektes.

Die gewelddadige dwelmkartelle en oorheersende grondeienaars is almal gekant teen 'n getuienis van die

Evangelie op hul grond; om Christus in hierdie gebied te verkondig, kan dus 'n prys verg. Maar met die oë van geloof, soos Josua en Kaleb s'n, het Aaron en sy span geweet dat dit die land is waarheen die Here hulle lei om die Evangelie te bevorder.

'n God Wat Weet

As jong man het Aaron 'n lewe van uiterstes geleë. Uitspattige partytjies en drankgebruik het hom skuldig en onrein laat voel; daarna, in ooreenstemming met sy ouers se tradisionele geloof, het hy gevas en ander rituele uitgevoer in 'n poging om weer rein te voel. Niks het gewerk nie, en hy het verward en oorlaai gevoel. Op hoërskool het hy verlief geraak op 'n pragtige meisie, Marisol, en hy het aangehou met die rituele om haar familie te behaag, aangesien hulle baie invloedryk was in die godsdienstige gemeenskap van San Juan. Maar dit alles was leeg, betekenisloos en kragteloos. Hy het tot die slotsom gekom dat daar eintlik nie 'n God bestaan nie.

Toe gebeur die ondenkbare. Na 'n aand van drinkery het Aaron en sy beste vriend in die motor geklim om huis toe te ry. Op pad het 'n band gebars en die motor het buite beheer geraak. Aaron het die Here om hulp aangeroep. Hy het die ongeluk feitlik ongedeed oorleef. Sy vriend het egter gesterf. Aaron was oorweldig deur skuldgevoelens en hopeloosheid.

Terwyl hy eendag midde hierdie mis van wanhoop doelloos by 'n oop venster verbyloop, het Aaron hier en daar brokkies van 'n ouerskapseminaar gehoor. Aaron het binnegegaan, op soek na 'n plek om onopvallend te luister, en woorde gehoor wat hom aangegryp het.



▲ Evangeliewerkers het onverskilligheid en vyandigheid in die bedrywige stad San Juan de los Lagos trotseer. Inlas: Aaron lei lidmate van sy gemeente op om uitreikwerk en gebed aan te pak ten einde nie net hul stad nie, maar ook die omliggende landelike gebiede te bereik.

"Ek weet dat jy swaarkry," het die Christelike spreker gesê. Aaron het rondgekyk om te sien of iemand anders ook, soos hy, gevoel het dat hierdie man direk met hom praat. "God kan hierdie pyn wat jy voel, wegneem."

"Dit was vir my duidelik dat dit presies vir my bedoel was," het Aaron onthou. Met trane in sy oë het hy die spreker na die konferensie ontmoet. Die man het hom genooi om oor agt dae vir nog 'n seminaar terug te keer.

Aaron het daardie volgende seminaar bygewoon en sy ma saamgeneem. Tydens daardie byeenkoms, toe 'n uitnodiging gerig is om sy vertroue in Christus te stel, het Aaron entoesiasties ja gesê. Hy was die enigste persoon in die vertrek wat opgestaan het, en hy het uit verleentheid uitgehardloop. Maar sy ma het by die huis aangekom met nog 'n uitnodiging van die man, hierdie keer na 'n Bybelstudie wat die begin van 'n transformasie sou wees.

Bou 'n Gesin en 'n Kerk

Aaron het daarna verlang om nader aan God te kom, maar hy het ook sy lewe as getroude man begin, en Marisol en haar familie kon nie hierdie entoesiasties om God te leer ken, verstaan nie. Hulle het hom bespot en verwyt, maar hy het voortgegaan om God se Woord te bestudeer en toe te pas. Marisol het hom met egskending gedreig, maar hy het aanhou groei in geloof.

Kinders is gebore en dit het bygedra tot die gesinsdruk

om sy aandag van geestelike sake af te lei en op praktiese dinge, soos sy werk, te fokus. Maar toe hy na ure saam met sy kollegas die Bybel begin bestudeer, is hy amptelik aangekla omdat hy mense by die werk probeer bekeer het. Toe drie van daardie mans besluit om Jesus te volg en gedoop word, is hy weer aangekla. Sonder om vir 'n derde oortreding te wag, het Aaron se bestuurder hom afgedank.

Aaron se broer, wat self 'n nuwe Christen was, het Aaron genooi om in sy besigheid te help. Die werk het beter betaling en beter werksure gebied – asook voortdurende kontak met sy voormalige kollegas, aangesien hy die verskaffer van sy ou werkgewer se tegnologiebehoefte geword het.

Die spreker by die seminaar wat Aaron na die Here gelei het, het voortgegaan om hom en ander mans in dissipelskap te onderrig met die oog daarop om kerke regoor die stad te plant. Uiteindelik is Aaron gekies om as herder vir een van hierdie kerke op te tree; hy het Bybelstudies vir volwassenes gelei en Bybelklubs sowel as naskoolse programme vir kinders aangebied.

Die gemeenskap se reaksie was soms louwarm en soms openlik vyandig. 'n Gerug het die ronde gedoen dat die kerk beplan het om die kinders vir wie hulle gesorg het, te ontvoer en leed aan te doen. Sommige besighede het geweier om hulle te bedien. Ander teenstanders het pamflette uitgedeel waarin Aaron en die kerklidmate belaster is. En elke keer

“Aan die begin was daar werklik baie vrees, dus het ons die meeste gebid vir moed.”

as die kerk met 'n erediens sou begin, het motorfietse met brullende enjins heen en weer voor die oop deure gejaag in 'n poging om die kerk se geluide te oorstem.

Tog het die kerk bly groei en buite sy mure gekyk om te sien waar hulle Christus bekend kon stel.

"Ons het vir God gevra: 'As San Juan ons nie wil hê nie, waarheen moet ons gaan?'" het Aaron gesê. "Hy het dit op my hart gedruk dat San Juan die middelpunt was... maar ek het om my begin rondkyk en die nood daarbuite gesien."

Die kerk het drie maande lank gebid voordat die antwoord duidelik geword het.

"Dit is waarom ons met die *“ranchos”* begin werk het," het Aaron gesê. "Daar woon mense, en niemand daar het toegang tot die kerk nie, en niemand hier het toegang tot die *“ranchos”* nie. Hierdie mense werk 24 uur per dag, sewe dae per week; daarom moet ons die kerk na hulle toe neem sodat dit vir hulle toeganklik is."

Voorbereiding vir 'n Oes

Aaron en sy span het nie die risiko onderskat wat dit inhou

▼ Marisol en Aaron (hier saam met hul kinders) vind vreugde daarin om die *“rancherías”* met die boodskap van Christus te bereik, selfs al is die werk veeleisend en gevaarlik.



om magtige grondeienaars se private eiendom te betree en kartellede, wat baie besitlik oor hul gebied is en maklik na hul wapens gryp, te vermy nie.

"Aan die begin was daar werklik baie vrees, dus het ons die meeste gebid vir moed," het Aaron oor hul voorbereidings vir die verkenningreis gesê.

Maar hulle het inligting ingesamel en met 'n positiewe verslag teruggekeer.

"Julle, ons kan dit doen!" het Aaron vir sy gemeente gesê. Hulle het besef dat nie almal persoonlik na die *“rancherías”* kon of behoort te gaan nie. Maar Aaron is bemoedig deur die kerk se bereidwilligheid om hierdie werk aan te pak. Elke Woensdagaand het die gemeentelêde bymekaargekom om te bid vir die mense van die *“rancherías”* en vir die veiligheid van diegene wat na hulle toe sou gaan. Hulle het klere, kos en skoolbenodighede ingesamel om met die *“ranchos”* te deel.

Aaron en sy span het begin om die *“rancherías”* te besoek en onderrig te gee in die oop veld aan mense wat honger is vir hoop. Aaron noem hierdie werk, om hierdie gesinne te dien wat in die uitgestrekte landbougebiede verskuil lê, "die kerk van die vergetenes."

Die werk het nie sonder risiko en vrees verloop nie. Aaron is al deur hommeltuie gevolg, deur dwelmhandelaars gekonfronteer, deur SNV's met donker ruite huis toe "begelei" en met vuurwapens gedreig. Sy span moes tydens 'n skietgeveg tussen mededingende kartelle op hul pad huis toe skuilplek soek. Hy het egter gevind dat die resultate die opoffering werd is, en die geestelike vrugte het Aaron en die kerk aangemoedig om voort te gaan.

"Twee wat gedoop is ... lei nou 'n nuwe lewe; dit dien as 'n getuigenis vir die ander mense in die omgewing, en vir ons is dit 'n vreugde," het hy gesê. "Mens sien dalk net twee mense, maar vir ons is twee baie. Ons verstaan dat Jesus die 99 agtergelaat het vir die een; daarom is dit die moeite werd."

Nou kry sommige gesinne van die *“rancherías”* hulp om kerkdienste saam met Aaron se gemeente by te woon, waar hulle verwelkom en ingesluit word.

En dit is nie net die *“ranchos”* wat transformasie ervaar nie. Danksy dissipelskap deur Frontlinie-Werkers, het Marisol ook 'n hartsverandering ondergaan – van teenstand teen haar man se geloof, na huiwerige aanvaarding, tot vreugdevolle oorgawe en ondersteuning van die werk wat Aaron doen.

Die werk om Christus aan die *“rancherías”* bekend te stel, het hierdie klein kerk se visie – om na buite gerig te wees – versterk. Soos die getroue Israelitiese verkenners, kan die lidmate verby die probleme en teenstand kyk na die groot geleentheid vir die bevordering van die Evangelie.

"Ek wou my lewe in mense belê sodat hulle ook hul lewens met ander kan deel," het Aaron gesê. "As die kerk hieraan vashou, sal dit ons prioriteit wees om God se genade te weerspieël. Dit is hoe ek my roeping vervul om ware dissipels te maak." ■



Gebedsdagboek

September 2026

- | | | | |
|---|-----|--------------|--|
| D | 1. | Noord-Korea | Bid dat onopspoorbare Bybels en Skrifgedeeltes op kreatiewe wyses aan elke persoon in Noord-Korea versprei sal word. |
| W | 2. | Israel | Bid vir die beskerming van Christene wat die Evangelie in konflikgebiede verkondig. |
| D | 3. | Pakistan | Gebruik Romeine 15:13 om te bid vir die vreugde, vrede en hoop van Christene in Pakistan. |
| V | 4. | Afganistan | Bid vir Fazal, wat in hegtenis geneem en vrygelaat is nadat hy sy geloof met ander ontwortelde Afgane in Sentraal-Asië gedeel het. |
| S | 5. | Djiboeti | Bid dat Djiboeti beskerm sal word teen Islamitiese ekstremiste wat in omliggende gebiede skuiling gevind het. |
| S | 6. | Marokko | Vra die Here om regeringsbeperkings te verwyder wat kerke verhinder om openlik aanbidding te beoefen. |
| M | 7. | Meksiko | Bid vir kerkplanters soos Aaron in sentraal-Meksiko. |
| D | 8. | SAR* | Bid dat ontwortelde Christene 'n brandende en skynende lig sal wees vir ander wat deur die burgeroorlog ontwortel is. |
| W | 9. | Kazakstan | Bid dat kerke wat amptelik "gederegistreer" is, steeds in staat sal wees om byeen te kom vir aanbidding en gemeenskap. |
| D | 10. | Libië | Bid vir die families van sendelinge en plaaslike Gelowiges wat met hul lewens betaal het omdat hulle die Evangelie verkondig het. |
| V | 11. | Nicaragua | Bid dat kerke wat deur die outoritêre regering gesluit is, toegelaat sal word om weer oop te maak. |
| S | 12. | Pakistan | Vra die Here om 'n dapper evangelis te genees en te troos wat in hegtenis geneem en gemartel is omdat hy die Evangelie verkondig het. |
| S | 13. | Kameroen | Bid vir die geestelike versorging en genesing van kinders wat deur Boko Haram aangeval en ontvoer is. |
| M | 14. | Sri Lanka | Bid dat Boeddhistiese monnike wat gemeenskappe teen Christene opstook, van hul sonde oortuig sal word en hulle tot Christus sal wend. |
| D | 15. | Eritrea | Die regering plaas Christene op 'n swartlys nadat hulle uit die tronk vrygelaat is. Bid vir hul onderhoud. |
| W | 16. | China | Bid vir die volharding van Christene wat aan voortdurende regeringsbewaking en onderdrukking blootgestel is. |
| D | 17. | Algerië | Gebruik Jesaja 55:11 as riglyn en dank God dat sy Woord aanlyn en deur uitsaaimedia verkondig word. |
| V | 18. | Benin | Bid vir almal wat hul gesinne of huise weens hul Christelike geloof verloor het. |
| S | 19. | Katar | Loof God dat inwoners van Katar maklik toegang tot die Bybel via die internet kan kry. |
| S | 20. | Colombië | Jong Christene is kwesbaar vir ontvoering en gedwonge werwing deur guerrillagroepes. Bid vir hul beskerming. |
| M | 21. | Irak | Bid vir pastore en ander kerkleiers wat gereeld doodsdreigemente trotseer weens hul evangelisasiewerk. |
| D | 22. | DRK** | Duisende Kongolese Christene is deur Islamiete ontwortel. Bid vir hul onderhoud en vertroosting. |
| W | 23. | Maleisië | Bid vir pastor Raymond Koh se vrou en kinders terwyl hulle steeds na die waarheid agter sy ontvoering in 2017 soek. |
| D | 24. | Bahrein | Bid dat godsdienstige, politieke en ekonomiese spanning in Bahrein sal help om Moslems na Christus te lei. |
| V | 25. | Uganda | Bid vir verskeie jong Christene wat beseer is toe hulle deur hul ouers of gemeenskap aangerand is nadat hulle hulle tot Christus gewend het. |
| S | 26. | Turkmenistan | Vra die Here om geleenthede te skep vir Turkmene om toegang tot Christelike uitsendings te kry en die Evangelie te hoor. |
| S | 27. | Tunisië | Bid dat Christene wat deur hul gesinne vervolg word, die moed sal hê om Christus te volg en die Evangelie te verkondig. |
| D | 28. | Maledives | Bid dat Christene wat hulle bekeer het en weens hul geloof in die tronk is, sterk in Christus sal bly. |
| W | 29. | Bangladesj | Bid dat diegene wat Christene vervolg, tot bekering sal kom en in Christus sal glo. |
| D | 30. | Tadjikistan | Bid vir die onderhoud van pastore en ander kerkleiers, van wie baie werk in Rusland moet gaan soek. |

*Sentraal-Afrikaanse Republiek

**Demokratiese Republiek van die Kongo

Weet u kerk van **VERVOLGING?**

Laat ons vir u meer kom vertel oor Broers en Susters in Christus wat weens hulle geloof ly.

WhatsApp ASHLEY op 083 457 4164 om VANDAG nog 'n datum en tyd te reël.



Staan saam met Vervolgde Christene



Dien vervolgte Christene in vyandige gebiede en beperkte nasies en wees 'n stem vir hulle. Jou geskenk verleen aandag aan alle bedieningsbehoefte, insluitend die onmiddellike behoeftes van ons vervolgte broers en susters, terwyl hulle Christene regoor die wêreld in nouer gemeenskap met die vervolgdes en tot 'n dieper toewyding aan Christus roep.

Oorweeg asseblief om 'n skenking in enige van die volgende bankrekeninge te maak:

Bankbesonderhede: Christelike Sending Internasionaal

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)
Verw.: U Naam en Selnommer

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)
Verw.: U Naam en Selnommer

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)
Verw.: U Naam en Selnommer

Gebedsondersteuning en Inligtingsbronne:



Laai ons GRATIS "VOM App" op u Slimfoon af.

Tik "Voice of the Martyrs" in die soekveld in op *Google Play* of op die *App Store*.

Daaglikse herinnerings om vir die vervolgdes te bid, navorsing te doen op Vyandige of Beperkte lande en die werk wat SVM daar doen; skakel in by *VOMRadio* plus nog vele, vele meer.



VOM App



"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3



Christelike Sending Internasionaal - Die Stem van die Martelare, Suid-Afrika.

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)
E-pos: cmi@vomsa.org / bianca@vomsa.org | Webtuiste: www.persecutionsa.org |
Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir; Mnr D. Kirton

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.



Lid van die
**International
Christian
Association
(ICA)**

Volg ons:



www.persecutionsa.org

Facebook@cmivomsa | Instagram@vom_south_africa